# Lesing 19.06.2018 - DEEL 32 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

## Lucifer se val

Jesaja 14:10 Hulle hef almal aan en sê vir jou: Ook **jy het kragteloos geword soos ons; jy het soos ons geword.**

11 **Jou trots is neergewerp in die Doderyk/Sheol**, die geruis van jou harpe; onder jou is wurms as 'n bed gesprei, en maaiers is jou bedekking.

12 **Hoe het jy uit die Hemele geval, o Heylel (Lucifer), seun van Shagar(die dageraad)!** [Hoe] lê jy teen die Aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! [Psalm 139:7 - 9; Boekrol van Henog 44; 86:1; JeshaJaH 7:11; JeségiEl 28; Lukas 10:18]

13 En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die Hemele, **my troon verhef bo die Sterre van El** en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.

14 Ek wil styg bo die hoogtes van die wolke, **my gelykstel met die Hoogste El!** [Odes van Salomo 38:9 - 14]

15 Ja, in die **Doderyk/Sheol** sal jy neergewerp word, in die **diepste plekke van die put**!

## Die wonings van Wysheid en van Ongeregtigheid

**Henog 42.1 WYSHEID** het geen plek gevind waar Sy kon woon nie; toe is 'n woonplek vir Haar in die Hemele aangewys. [Wysheid van Sirah 24:7]

2 Wysheid het uitgegaan en woonplek tussen die kinders van die adam gesoek en het geen woonplek gevind nie: Wysheid het na Haar plek teruggekeer en **het Haar sitplek tussen die Boodskappers** ingeneem.

3 Maar **Besoedeling het uit haar kamers uitgekom**, en wie sy nie gesoek het nie, het sy gevind en gewandel onder hulle soos reën in 'n woestyn en dou in 'n dorsland. [Spreuke 9:13-18; Hoséa 2:2; 2 Ezra 7:101]

**Openb van Henog 11:33** En uit die rots het Ek vuur gesny, en van die vuur het ek die rangordes van die **tien hemelse Skeppingsleërmagte**, Boodskappers geskape; hul wapens is vurig en hul gewade 'n brandende vlam, en Ek het beveel dat elkeen moet staan in sy rangorde. [Génesis 2:1]

34 **Een** uit hierdie rangordes van die Boodskappers het, nadat hy weggedwaal het met die rangorde onder hom, 'n onmoontlike gedagte bedink, **om sy troon hoër te plaas as die Wolkkolom bokant die Aarde** sodat hy in rang **gelyk aan My** kon wees. [Boek van die Opregte 9:26; Judas 1:6]

## Sataniël en sy boodskappers uit die Hemele neergewerp

35 EK het hom vanuit die hoogte **met sy boodskappers** neergewerp, en hy het onophoudelik in die lug bokant die Afgrond bly vlieg.

**Openb van Henog 11:53** Die **Duiwel is die gees van besoedeling** van benede, as 'n vlugteling het hy **Satana van die Hemele** gemaak omdat sy naam **Sataniël** was, so het hy verskillend **van die boodskappers** geword,

54 maar sy geaardheid het nie sy intellek [kennis] verander wat sy begrip van Geregtigheid en oortreding betref nie.

55 En **hy het sy doemvonnis verstaan** en die oortreding wat hy vroeër gepleeg het, daarom het hy 'n **gedagte teen Adam** verwek, op so 'n manier het hy Eva bedrieg en **met haar gemeenskap** gehad,